***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (46/25)***
*Boitshoko Ntshabele, 14 November 2025*

***"If I cannot do great things, I can do small things in a great way." – Martin Luther King, Jr.***

## BELYNING OM BEDRYFSGROEI TE BEVORDER

Die Minister van Finansies het hierdie week tydens die lewering van die Medium-termynbegrotingsbeleidsverklaring (MTBPS) verwys na die herlewing van die passasiers- en logistieke vervoersektor deur die Departement van Vervoer. Hy het die nadelige impak van die disfunksie in die logistieke sektor op die breër ekonomie erken. As gevolg hiervan is baie meer goedere oor die jare per pad na die hawens vervoer, wat gelei het tot padopeenhopings en 'n toenemende agteruitgang van padinfrastruktuur. Die onlangse aankondiging van vennootskappe vir die Privaatsektor-deelname waarby 11 private trein-operateurs betrokke is wat gekies is om 41 spoorroetes oor ses korridors te bedryf, sal essensieel wees om die oorgang vanaf pad na spoor oor tyd te vergemaklik.

Die Minister het ook vrwys na die verbetering in hawe-doeltreffendheid, gedryf deur die breër hervormings onder die Minister van Vervoer, Barbara Creecy. Ons het kennis geneem van beleggings in nuwe toerusting, en kontrakte met Oorspronklike Toerustingvervaardigers (OEM) wat die omkeertye van instandhouding sal verbeter en dus die bedryfstyd sal beïnvloed, wat sal lei tot die verbeterde vloei van goedere by hawens. Die Minister het ook beraam dat meer as R200 miljard se beleggings by Durban-pier 2 oor die volgende vyfjaarperiode ontsluit kan word.

Die CGA het hierdie week berig oor die toename in sitrusuitvoervolumes, met 203,4 miljoen 15 kg-kartonne wat deur die hawestelsel beweeg het sonder knelpunte, 'n bewys van die vordering wat gemaak word. Verlede jaar het die bedryf 165 miljoen kartonne uitgevoer. Die toename in volume beklemtoon verder die voortgesette groei van Suider-Afrika se sitrusbedryf in lyn met Visie 260, wat teen 2032 tot die uitvoer van 260 miljoen kartonne sal lei.

Dinsdag het ook die sooispitseremonie van die FPT-groep se Insimbi Ridge-vragfasiliteit in Cato Ridge plaasgevind. Die projek is 'n groot belegging in KwaZulu-Natal se logistieke en infrastruktuursektor. Hierdie moderne binnelandse koue- en algemene bergingsfasiliteit van 33 000 m² hou geweldige belofte in vir die sitrusbedryf. As 'n bedryf is dit maar een van die onlangse ontwikkelings in hierdie geografiese gebied, wat sentraal staan tot die verbetering van nie net sitrusuitvoere nie, maar ook Suid-Afrika se uitvoer-ekonomie in die algemeen.

Dit is duidelik dat daar 'n samevloeiing van faktore is wat op die regte tyd saamkom. Indien hierdie momentum gehandhaaf word, bly die sitrusbedryf gereed vir groei.

## GEPAK EN VERSKEEP - VOLUMES

| Einde van Week 45 miljoen 15 kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal gepak | Visie 260 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BRON: PPECB/AGRIHUB | 2023 | 2024 | 2025 | 2024 | 2025 | 2025 | 2025 | 2024 | 2025 |
| Pomelo's | 14.2 m | 14.4 m | 15.3 m | 14.1 m | 15.0 m | 15.3 m | 15.3 m | 14.4 m | 16.8 m |
| Suurlemoene | 36.8 m | 34.7 m | 41.4 m | 34.5 m | 40.9 m | 32.9 m | 41.4 m | 34.7 m | 41.5 m |
| Mandaryne | 40.1 m | 41.7 m | 53.5 m | 41.2 m | 52.0 m | 44.9 m | 53.5 m | 41.7 m | 43.9 m |
| Nawels | 26.1 m | 25.1 m | 31.5 m | 24.7 m | 31.0 m | 26.1 m | 31.5 m | 25.1 m | 21.7 m |
| Valencias | 53.6 m | 48.7 m | 61.8 m | 48.2 m | 59.8 m | 52.0 m | 61.8 m | 48.7 m | 58.0 m |
| Totaal | **170.8 m** | **164.6 m** | **203.5 m** | **162.7 m** | **198.7 m** | **171.2 m** | **203.5 m** | **164.6 m** | **181.9 m** |